

14 Julie

Skrifgedeelte: Handeling 21:1-16
Fokusgedeelte: Handeling 21:4-6

Gebed saam met medegelowiges gee krag vir 'n moeilike roeping

Paulus is op pad na Jerusalem waar hy weet hy gevange geneem gaan word ter wille van sy geloof. Op pad na Jerusalem gaan hulle by Tirus aan en bly vir 'n week by medegelowiges. Vers 4-6 sê: “Deur die Gees gelei, het hulle vir Paulus gesê om nie Jerusalem toe te gaan nie. Maar toe die sewe dae verby was, het ons verder gereis, en hulle is almal met hulle vrouens en kinders saam met ons tot buitekant die stad. *Ons het op die strand gekniel en gebid en van mekaar afskeid geneem.* Daarna het ons aan boord gegaan, en hulle het omgedraai huis toe.”

Alhoewel Paulus gewaarsku word teen die lyding wat op hom wag, gaan hy voort om sy roeping te vervul. Maar nie voordat hy saam met medegelowiges op die strand gekniel en gebid het nie. Alleen deur gebed kry mens krag om jou roeping ten spyte van lyding te vervul. Selfs nadat Agabus, die profeet, Paulus in Sesarea kom waarsku het, het hy steeds sy reis na Jerusalem voortgesit: “Ter wille van die Naam van die Here Jesus is ek bereid om in Jerusalem nie net gevange geneem te word nie, maar selfs ook te sterwe.”

So praat iemand wat deur die krag van gebed ondersteun word om sy roeping vreesloos te vervul!

Bid saam as gesin vir die volgende:

- Dat ons ook biddend ons roeping sal vervul.
- Dat ons ook nie sal terugdeins daarvan om ter wille van die evangelie te ly nie.
- Dat God ons ook sal versterk vir ons roeping omdat ons daarvoor bid.
- Dat God met almal sal wees wat die Woord in lewensgevaarlike omstandighede verkondig.

Sing: Psalm 46:1 (1936)

Ds. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)